# Inhoud

## Kwartaal 2: Week 11 tot 15

**Storie 1:**

Herwin vir 'n wen .................. 2



**Storie 2:**

Sonkrag op sy beste ............. 17



EXTRACT PAGES

# Herwin vir 'n wen



EXTRACT PAGES

"Wat beteken herwin, Mamma?" vra Kara. Kara eet by die kombuistafel terwyl haar ma skottelgoed was.

"Her- beteken weer en -win beteken wen," sê Mamma. "So, goed wat klaar gebruik is, kan weer gebruik word? Ons wen dan mos iets," sê Kara.



**My mamma se pampoenkoekie-resep**

2 koppies fyn pampoen
1 eier
¼ koppie meel
2 teelepels bakpoeier
'n Knippie sout
Meng alles saam en bak lepelsvol in olie tot goudbruin.

"Dan het Mamma mos gister se kos herwin," sê Kara.
"Darem nie heeltemal nie," sê Mamma en lag.
"Jy moet iets nuuts maak uit iets wat reeds voorheen gebruik is. Mens kan byvoorbeeld 'n reënjas van plastieksakke maak."
"Of wanneer Mamma vir ons pampoenkoekies maak van oorskiet-pampoen," sê Kara.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Kara sit haar bord op die tafel neer.
“Dankie, Mamma, dit was lekker. Gaan ons môre rugby kyk?” vra sy.
“Ja, Gavin speel mos môre ’n wedstryd,” sê haar ma.
“Ek wil vir Bella saamnooi, dan kan ons lekker op die gras speel,” sê Kara.
“Doodreg, dit sal pret wees,” antwoord Mamma.



EXTRACT PAGES

Dit is Saterdag en almal is daar om vir Gavin te ondersteun.

"Bella, weet jy wat herwin beteken?" vra Kara.

"Dit is wanneer 'n mens plastiek en sulke goed in 'n ander drom gooi," antwoord Bella.

"Dis reg, maar eintlik beteken dit 'n mens moet nuwe goed van ou goed maak," sê Kara. "Soos om 'n reënjas van plastieksakke te maak."



EXTRACT PAGES

"Ek weet wat ons vandag kan doen! Kom ons gaan soek ou goed," sê Kara.
"Wees versigtig vir glasstukke en dorings," sê Pappa.
Hulle kry by Mamma 'n plastieksak en gaan soek rommel langs die bane.
"Sjoe, mense kan darem baie mors," merk Bella geskok op.



EXTRACT PAGES

Ná Gavin se wedstryd is almal baie stil in die motor.
“Het iets gebeur, Mamma?” vra Kara.
“Niks waaroor julle julle hoef te bekommer nie. Ek sal by die huis met julle praat, Kara,” sê Mamma. “Pappa gaan net gou vir ons warm tjips en worsies koop.”



EXTRACT PAGES

"Gavin voel 'n bietjie hartseer," sê Mamma. "Hy speel mos altyd vir die eerste span, maar vandag het meneer Smit gesê hy moet volgende week vir Manie 'n kans gee. Gavin dink nou hy het sy plek in die span verloor, maar 'n mens gee nie sou gou moed op nie."

"Ag nee, arme Gavin. Ek het 'n plan om hom te laat beter voel!" sê Kara opgewonde.



EXTRACT PAGES

Later daardie middag gooi Kara en Bella alles wat hulle opgetel het in die opblaasswembadjie. Hulle gooi seep en water in en speel te lekker. Hulle maak vir hulle baarde van die skuim.

“So ja, nou is alles skoon,” sê Kara, “nou kan dit op die gras droog word. Daarna kan ons begin met ons spesiale projek!”



EXTRACT PAGES

"Bella, waar kry jy dit alles?" vra Kara opgewonde toe Bella die volgende dag met 'n groot sak daar aankom.

"My ouma doen naaldwerk en het al haar ekstra lappies en knope vir ons gegee," sê Bella.

"Kyk al die lappe en krale en knope!" roep Kara uit. "My ma gaan ons help met ons plan," fluister sy vir Bella.



EXTRACT PAGES

"Ek sal knip en sny wat nodig is," sê Mamma. "Julle kan plak en versier."
"Gavin moet dit nie sien waarmee ons besig is nie," sê Bella.
"Nee," sê Kara. "Hy oefen tot laat rugby by die skool. Hy wil weer in die eerste span speel."



EXTRACT PAGES

“Hier is ’n goue knoop om voorop te plak,” sê Bella.
“Dit gaan baie mooi lyk,” sê Mamma.
“Plak die lint vas dat dit nie afval nie.”
Die blinkers skitter in die son.
“Die beker is amper klaar. Nou moet dit net goed droog word,” sê Kara trots.



EXTRACT PAGES

Hulle sit die beker in die boks en maak dit toe. Hulle gooi die oorskiet terug in die sak. “Julle kan nog baie dinge met die oorskietgoed versier,” sê Kara se ma. “Ja, wat van potte vir plante of houers vir skryfgoed? Bella, jy sal die hele vakansie moet kom kuier,” lag Kara.



EXTRACT PAGES

Skielik kom Gavin om die hoek en Kara en Bella se oë rek.
“Wat maak julle nog buite?” vra hy.
“Ons het gekyk wat ons met die optelgoed kan maak,” sê Mamma.
“Kara, neem julle die boks kombuis toe, dan bring ek die sak.” Die twee maats doen dit dadelik.




EXTRACT PAGES

Bella slaap vanaand by Kara oor.
Almal het klaar geëet en sit aan die tafel in die kombuis. Die twee maats loer vir mekaar.
"Mag ons asseblief verskoon word, Mamma?" vra Kara. "Natuurlik," sê Mamma en knipoog vir hulle. Pappa drink nog sy tee.



Kara en Bella kom in met die beker wat hulle gemaak het. “Gavin, dis vir jou,” sê Kara. “Ons het die beker gemaak met alles wat ons herwin het,” sê Bella.

“Net soos jy jou plek gaan herwin in die eerste span,” spot Kara.

“Ag, dankie julle! Dit is so gaaf. Ek sal seker maak ek speel weer in die eerste span,” lag Gavin.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Hoekom het Bella en Kara vir Gavin ’n beker gemaak?
2. Hoekom is dit goed om te herwin?
3. Het jy al iets herwin? Vertel.